



MONTAGU

LAERSKOOI • PRIMARY SCHOOL

LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

26 November 2020

OB 4/K4-2020: ALGEMENE OUERBRIEF

Beste Ouers

Ons het al ver gevorder met die laaste assesserings van die jaar, sterkte vir dit wat nog voorlê. Ons het leerders wat baie hard werk om hul punte te verbeter en is trots op hulle.

Ons is baie bekommerd oor die toename in COVID-19 gevalle in sekere dele van die land. Ek pleit by u om die veiligheidsmaatreëls in u eie handel en wandel toe te pas, dit deurlopend met u kinders te bespreek en toe te sien dat hulle gereeld hande was, minstens elke keer wanneer hulle van buite inkom, of enige openbare plek besoek het.

Ons het 'n brief op *Facebook* geplaas vanaf die premier van die Wes-Kaap, lees dit asb. aandagtig deur. Ons is bekommerd, ons land kan nie nog 'n grootskaalse pandemie bekostig nie; elkeen van ons moet help om veilig op te tree.

Ons het ook 'n toenemende probleem met leerders wat sonder **maskers** skool toe kom. U moet asb. toesien dat u kind sy/haar masker skool toe bring. Ons het slegs enkele maskers oor. Indien dit klaar is, sal ons genoodsaak wees om u kind na die afsonderingsarea te skuif en u te laat weet om 'n masker skool toe te bring. *Geen leerder sal toegelaat word om sonder masker die klaskamers binne te gaan nie*. Die skool het 3 maskers verskaf: twee vanaf die kant van die WKOD en een van die kant van die skool. Pak asb. 'n ekstra masker in u kind se tas, indien een skeur of vuil word, is daar 'n ekstra masker.

Ek is bekommerd oor leerders wat nie maskers dra terwyl hulle van openbare vervoer gebruik maak nie, dit behoort beslis nie so te wees nie. Al die veiligheidsmaatreëls wat ons by die skool handhaaf, word daardeur geneutraliseer. Leerders moet asb. die veiligheidsmaatreëls eerbiedig.

Die finale assesseringstake van die jaar word nie huis toe gestuur nie, aangesien dit gereed gehou moet word vir die WKOD. Werkboeke en skryfboeke word ook ingeneem aan die einde van die jaar en word ook nie huis toe gestuur nie.

Ek en die lede van die SBL besef dat baie van ons ouers moeilike ekonomiese omstandighede beleef. Ons moet egter beklemtoon dat ons afhanklik is van die getroue betaling van skoolgeld. U weet dat ons steeds al ons verpligtinge moet nakom (Salarisse, munisipale rekening, kontrakte van kopieërmasjiene en versekering, om enkele voorbeelde te noem.) Die bydrae wat ons van die staat kry, is nie eers genoeg om die jaarlikse munisipale rekening te betaal nie, daarom moet ons skoolgeld invorder. Betaal *asb.* u maandelikse skoolgeld.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof



Geborg
deur:

SPAR
MONTAGU

VOIG ONS OP
f sparmontagu

023 614 2080